

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT	
GRAAD		12	
DATUM		MEI/JUNIE 2026	
VAK		BESIGHEIDSTUDIES	
VRAESTEL		1	
PUNTETOTAAL		150	
TYDSDUUR (UUR)		2	
BLADSYE		10	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
 SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word:

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings en dek die volgende **TWEE** temas:
BESIGHEIDSOMGEWINGS en **BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**.

AFDELING A: **AL** die vrae in hierdie afdeling is **VERPLIGTEND**.

AFDELING B: Bestaan uit **DRIE** vrae. Een vraag per tema en 'n gekombineerde vraag wat albei onderwerpe saamvat.

Beantwoord enige TWEE vrae.

AFDELING C: Bestaan uit **TWEE** vrae, een oor elke tema.

Beantwoord slegs EEN vraag.

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem kennis van die vereistes.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Alle antwoorde moet in volsinne wees, behalwe waar daar ander instruksies gegee word.
5. Gebruik die puntetoekenning en aard van die vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.
6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydtoekenning wanneer jy die vrae beantwoord.

AFDELING		VRAAG	PUNTE	TYD (minute)
A	Meervoudigekeuse, voltooi die stelling en pas items VERPLIGTEND.	1	30	20
B	Drie direkte/indirekte vrae KEUSE: Beantwoord enige TWEE .	2 – 4	2 x 40 (80)	2 x 35 (70)
C	Twee opsteltipe vrae KEUSE: Beantwoord enige EEN .	5 – 6	40	30
TOTAAL			150	120

7. Nie-programmeerbare sakrekenaars mag gebruik word.
8. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.



AFDELING A: (VERPLIGTEND)

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK, bv. 1.1.6 B.

1.1.1 Benson Vervaardiging implementeer die ... om regstellende aksie in die werkplek te bevorder.

- A Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995)
- B Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998)
- C Wet op Gelyke Indiensneming (WGI), 1998 (Wet 55 van 1998)
- D Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997)

1.1.2 Die mag van Porter se Vyf Kragte-model wat die besigheid se posisie in die mark beïnvloed, wanneer 'n ander besigheid 'n unieke produk aanbied:

- A Bedingingsmag van kopers
- B Mededingende wedywing
- C Bedingingsmag van verskaffers
- D Bedreiging van nuwe toetreders tot die mark

1.1.3 Bright Myne word in die ... sektor bedryf omdat hulle in die ontginning van goud spesialiseer.

- A primêre
- B tersiêre
- C ekonomiese
- D sekondêre

1.1.4 Die menslikehulpbronbestuurder van Fashion Beperk het ... geïmplementeer as deel van die keuringsprosedure toe hy/sy die aansoekers se CV's geëvalueer het.

- A sifting
- B werwing
- C plasing
- D induksie



1.1.5 Anderson Solutions ontwikkel strategieë oor hoe om deurlopend die gehalte van hul produkte te verbeter deur hierdie stap van die BDKH-model toe te pas:

- A Beplan
- B Doen
- C Kontroleer
- D Handel

(5x2)(10)

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDBOEK.

finansiële; kollektiewe bedinging; gehalte; beskrywing; konsentriese;
gelykheid; konglomerasie; administrasie; spesifikasie;
gehaltebestuurstelsels

- 1.2.1 Die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995) bevorder ... in die werkplek.
- 1.2.2 Tawwe Tekstiele het die ... diversifikasiestrategie toegepas toe hulle sonbrille by hul produkreeks gevoeg het, wat by nuwe kliënte byval kon vind.
- 1.2.3 Die pos- ... omskryf kortliks die minimum aanvaarbare kwalifikasies en vaardighede wat vir die pos nodig is.
- 1.2.4 Die vermoë van goedere om aan die spesifieke behoeftes van kliënte te voldoen, staan as ... bekend.
- 1.2.5 Die ... funksie is verantwoordelik om dokumente ordelik en in 'n veilige plek te bewaar.

(5x2)(10)



- 1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommers (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDBOEK, bv. 1.3.6 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Menslikehulpbron-ontwikkelingstrategie	A	Inspeksie word gedoen in elke stadium van die produksieproses.
1.3.2	Voorwaartse vertikale integrasie	B	Bydraes deur werkgewers en werknemers gemaak.
1.3.3	PESTWO-analise	C	Besigheid neem sy verskaffers oor.
1.3.4	Werkloosheids-versekeringsfonds	D	Verbeter die verskaffing van vaardighede wat die land direk bevoordeel.
1.3.5	Gehalteversekering	E	Inspeksie word slegs op die finale produk gedoen om te verseker dat dit aan die vereiste standarde voldoen.
		F	Instrument wat gebruik word om die uitdagings van die makro-omgewing te evalueer.
		G	Bydraes slegs deur werkgewers gemaak.
		H	Verbeter sosiale ontwikkeling deur ekonomiese ontwikkeling.
		I	Besigheid neem sy verspreiders oor.
		J	Instrument wat gebruik word om die uitdagings van die markomgewing te evalueer.

(5x2)(10)

TOTAAL AFDELING A: [30]



AFDELING B

Beantwoord **ENIGE TWEE** vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

- 2.1 Noem enige TWEE pilare van die Wet op Breëbasis- Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003). (2)
- 2.2 Beskryf kortliks die regte van werknemers ingevolge die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995). (4)
- 2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

NOLAND KONSTRUKSIE (NK)

Noland Konstruksie gebruik die dienste van die Sektorale Onderwys-en-Opleidingsowerhede (SOOO's) om die implementering van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998) te ondersteun. Die SOOO het die werkplekvaardigheidsplan van NK goedgekeur. Hulle monitor ook die werklike opleiding deur diensverskaffers. NK wil ook 'n dieper begrip ontwikkel van hoe SOOO's befonds word.

- 2.3.1 Haal TWEE rolle van SOOO's vanuit die scenario hierbo aan. (2)
- 2.3.2 Verduidelik hoe die Sektorale Onderwys-en-Opleidingsowerhede (SOOO's) befonds word. (4)
- 2.4 Beskryf enige TWEE tipes defensiewe strategieë. (6)
- 2.5 Bespreek maniere waarop besighede die Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes (WVBBS/COIDA), 1997 (Wet 61 van 1997) kan nakom. (6)
- 2.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

EIKEHOUT ONTWERPING (EO)

Eikehout Ontwerping verkoop eikehoutmeubels en is welbekend vir hul gehalte produkte en bekwame personeel. Hulle ondervind egter probleme om optimale voorraadvlakke te handhaaf. Daar is gereeld kragonderbrekings in die omgewing. Daarom gaan baie mededingers weg en verskuif hulle elders.

Stel 'n SSGB(SWOT)-analise vir EO saam deur uit die scenario hierbo aan te haal. (4)

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 2.6 te beantwoord.

STERKPUNT	SWAKPUNT
•	•
GELEENTHEID	BEDREIGING
•	•



2.7 Bespreek die impak van die Wet op Verbruikersbeskerming (WVB), 2008 (Wet 68 van 2008) op besighede. (6)

2.8 Adviseer besighede oor die stappe in strategie-evaluering. (6)

[40]

VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Noem enige VIER aspekte wat in 'n induksieprogram ingesluit moet word. (4)

3.2 Beskryf kortliks die plasingprosedure as 'n menslikehulpbron-aktiwiteit. (4)

3.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

RAMDEEN KONSULTASIE (RK)

Ramdeen Konsultasie het 'n vakante posisie in die openbarebetrekkingsdepartement. RK gebruik sosiale media, intranet en die besigheidsnuusbrieff as bronne van werwing.

3.3.1 Noem TWEE bronne van interne werwing gebruik deur RK in die scenario hierbo. (2)

3.3.2 Verduidelik die voordele van interne werwing vir besighede. (6)

3.4 Adviseer besighede oor die wetlike vereistes van 'n indiensnemingskontrak. (4)

3.5 Beskryf kortliks die verskil tussen *gehaltebestuur* en *gehalteprestasie*. (4)

3.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vraag wat volg.

NHLAMULO HANDELAARS (NH)

Nhlamulo Handelaars verskaf 'n verskeidenheid van produkte aan hul kliënte. Hulle plaas bestellings betyds en verseker gereelde opvolg met verskaffers. NH gebruik ook aggressiewe advertensieveldtogte om hul kliëntebasis te vergroot.

Identifiseer TWEE besigheidsfunksies wat tot die sukses van NH bydra. Motiveer jou antwoord deur uit die scenario hierbo aan te haal.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 3.6 te beantwoord.

BESIGHEIDSFUNKSIES	MOTIVERINGS
1.	
2.	

(6)

3.7 Bespreek die rol van gehaltesirkels as deel van deurlopende verbetering van prosesse en stelsels. (4)

3.8 Evalueer die impak van deurlopende vaardigheidsontwikkeling/onderwys en opleiding as 'n totale gehaltebestuur (TGB)-element op groot besighede. (6)

[40]



VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

BESIGHEIDSOMGEWINGS

- 4.1 Noem enige DRIE bepalings van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV), 1997 (Wet 75 van 1997). (3)
- 4.2 Beskryf kortliks die doel van die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005). (4)
- 4.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

LEER SKEPPINGS (LS)

Leer Skeppings spesialiseer in die vervaardiging van hoë gehalte-leerprodukte. Buffalo Verskaffers lewer nie betyds diervelle aan hulle af nie. LS kan nie meer hul produkte uitvoer nie as gevolg van 'n styging in die wisselkoers. Die bestuur stel nie duidelike jaarlikse doelwitte nie.

Gebruik die tabel hieronder as 'n RIGLYN om VRAAG 4.3.1 tot 4.3.3 te beantwoord.

UITDAGINGS (4.3.1)	BESIGHEIDS- OMGEWINGS (4.3.2)	MATE VAN BEHEER (4.3.3)
1.		
2.		
3.		

- 4.3.1 Haal DRIE uitdagings vir LS uit die scenario hierbo aan. (3)
- 4.3.2 Klassifiseer LS se uitdagings volgens die DRIE besigheidsomgewings. (3)
- 4.3.3 Noem die mate van beheer wat LS oor ELKE besigheidsomgewing het wat in VRAAG 4.3.2 geklassifiseer is. (3)
- 4.4 Adviseer besighede oor hoe hulle die krag van kopers as 'n mag van Porter se Vyf Kragte-model kan toepas om hul posisie in die markomgewing te analiseer. (4)

**BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**

- 4.5 Gee enige TWEE voorbeelde van byvoordele. (2)
- 4.6 Identifiseer die salarispelingsmetodes wat Table Pros (TP) toegepas het in ELKE stelling hieronder:
- 4.6.1 TP betaal George, die skoonmaker, vir die hoeveelheid ure gewerk. (2)
- 4.6.2 Sipho word betaal vir die aantal tafels wat hy vervaardig. (2)
- 4.7 Beskryf kortliks die rol van die kandidaat/aansoeker tydens die onderhoud. (4)
- 4.8 Bespreek die impak van totale gehaltebestuur (TGB) indien besighede dit swak implementeer. (6)
- 4.9 Adviseer besighede oor die gehalte-aanwysers van die algemene bestuursfunksie. (4)

[40]**TOTAAL AFDELING B: [80]**



AFDELING C

Beantwoord slegs **EEN** vraag in hierdie afdeling.

VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (BESIGHEIDSTRATEGIEË)

Die strategiese bestuursproses stel besighede in staat om gepaste strategieë toe te pas. Besighede maak van beide intensiewe en diversifikasiestrategieë gebruik om uitdagings in die besigheidsomgewing te oorkom. Dit is ook belangrik dat besighede maniere vind om uitdagings wat deur tegnologiese en sosiale faktore as elemente van PESTWO-ontleding gestel word, te hanteer.

Skryf 'n opstel oor besigheidstrategieë waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die strategiese bestuursproses.
- Verduidelik DRIE tipes intensiewe strategieë.
- Bespreek die voordele van diversifikasiestrategieë.
- Beveel maniere aan waarop besighede die uitdagings wat deur die volgende PESTWO-faktore gestel word, kan hanteer:
 - Tegnologiese
 - Sosiale

[40]

VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (GEHALTE VAN PRESTASIE)

'n Goeie gehaltebestuurstelsel kan suksesvol deur die openbarebetrekkinge- en finansiële funksie gebruik word. Deeglike kennis van totale kliënte-tevredenheid as 'n element van totale gehaltebestuur (TGB) kan besighede help om die koste van gehalte te verminder.

Skryf 'n opstel oor gehalte van prestasie waarby jy die volgende aspekte insluit:

- Beskryf kortliks die voordele van 'n goeie gehaltebestuurstelsel.
- Verduidelik die gehalte-aanwysers van die volgende besigheidsfunksies:
 - Openbarebetrekkinge-funksie
 - Finansiële funksie
- Bespreek die impak van totale kliënte-/klante-tevredenheid as 'n totale gehaltebestuur(TGB)-element op groot besighede.
- Beveel maniere aan waarop TGB die koste van gehalte kan verminder.

[40]

TOTAAL AFDELING C: [40]

GROOTTOTAAL: [150]